

# Lekkerbekkie Nuusbrief

25 MAART 2015 | UITGAWE 93



## Inhoud:

- \* Kinderstorie: Sarel en spinnekoppie (deur Corlie Putter)
- \* Produk van die week: Rymerige stories!
- \* Inkleurprentjie: Sarel en die spinnekoppie

**annaemm**  
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis *Lekkerbekkie Nuusbrief*: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## Sarel en die spinnekoppie deur Corlie Putter

Sarel slaap vir die eerste keer alleen in sy nuwe kamer. Hy is vreeslik opgewonde! Hy is mos nou al 'n groot seun en glad nie meer bang nie. Maar net voor hy aan die slaap raak hoor hy 'n vreemde geluid...

Sarel sit regop in sy bedjie en hy luister. Hy hoor "KLO-PI-TIE KLOP!" Hy hang kop onderstebo en loer onder sy bed in, maar al wat hy sien is 'n stink paar sokkies. Sarel trek sy skouertjies op en gee 'n groot gaap. Miskien het hy hom net verbeel.

Maar net toe hy sy ogies toemaak hoor hy dit weer! Iets maak weer "KLO-PI-TIE KLOP" in sy nuwe kamer! Dalk is dit iemand wat aan die deur klop? Sarel klim uit sy bedjie en gaan maak die deur oop. Hy loer links en regs in die gang af, maar hy sien niemand!

Vinnig spring hy weer in sy warm bedjie en trek die kombes oor hom. Maar net toe hy wil slaap is die geluid terug! "KLO-PI-TIE KLOP!" maak dit!

"Ag nee!" sê Sarel nou vies. Hy kan nie slaap as dit so raas nie! Hy loer om hom rond en dan sien hy iets in die hoekie van sy kamer... Hy glip uit die bed en gaan nader. Dis 'n piepklein deurtjie in die muur! En aan die piepklein deurtjie is 'n piepklein handvatseltjie! Die geluid kom van agter daardie deurtjie – hy is seker! Versigtig draai Sarel die handvatseltjie en die deurtjie gaan oop...

'n Piepklein spinnekoppie loer by die deurtjie uit! Sy het 'n hoedjie op haar kop en agt hoëhak-skoentjies aan haar agt pootjies. Sarel staar verbaas! Die spinnekoppie dans in die rondte, en haar hoëhak-skoentjies maak "KLO-PI-TIE KLOP" op die vloer!

"Goeie naand," groet sy vriendelik.

Maar Sarel is nie lus om te gesels nie. Hy is vaak en hy wil gaan slaap. "Jy moet nou dadelik ophou met jou gedansery - jy hou my wakker!" raas hy.

Die spinnekoppie wil nie ophou dans nie, en Sarel probeer haar vang! Maar sy hardloop dat jy net hoëhak-skoentjies sien trek! Sarel jaag haar die kant toe en dan daai kant toe in sy nuwe kamer! Een vir een val die agt skoentjies van haar pootjies af, en dan is dit skielik tjoepstil in die kamer.

"Dis beter!" gaap Sarel vaak. "Nou gaan ek lekker slaap!" Hy spring in sy bedjie, trek sy komberse oor hom, en raak dadelik aan die slaap.

En raai wat maak die spinnekoppie? Sy trek haar agt sagte pantoffeltjies aan en dans verder – sonder om 'n geluidjie te maak!

Verdien 'n ekstra inkomste in 2015 deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstorie-produkte!  
**Kontak [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir meer inligting of besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)**

## Produk van die week

# Rymerige stories vir beginner-lesertjies!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za) vir 'n volledige katalogus.


Hierdie week verskyn ons splinternuwe storie-CD vir ons 2-5 jarige maatjies, **DIS 'N PLESIER, OU TIER!**, met 7 lekkerluister dierestories propvol rymwoorde en dieregeluide. Die stories is spesiaal ontwikkel om vir kleuters luistervaardighede aan te leer en bewus te maak van taal. Al die stories gaan oor diere in die dieretuin, en die CD word vrygestel saam met 'n heerlike A4 pretpak met 7 inkleurprente oor die diere. Kry jou storie-CD + A4 pretpak vóór 30 Maart @ slegs R100 (spaar R15)! by enige AnnaEmm agent – of bestel direk by ons teen die gewone prys. Kontak [agente@annaemm.co.za](mailto:agente@annaemm.co.za) vir 'n agent in jou area.

## Stories vir klein oortjies


Sewe dierestories met rymwoorde vir 2-5 jariges

Kry jou storie-CD  
+ A4 pretpak  
nou @ slegs R100!

(Spaar R15)



Aanbod  
sluit 30 Maart



Stories op die CD:

1. Dis 'n plesier, ou Tier!
2. Dis Aap wat so gaap
3. Waar is Volstruis se huis?
4. Ek dink dat Pou van jou hou
5. Haai maak 'n lawaai
6. Wie is bang vir Slang?
7. Wat makeer dan, Beer?

**annaemm**  
kinderstories

Kontak 021 930 0908 | [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir 'n agent in jou area!

Aanbod sluit 30 Maart 2015.

**Word 'n Anna Emm storie-agent in 2015!**

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak [agente@annaemm.co.za](mailto:agente@annaemm.co.za) | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

# Sarel en die spinnekoppie illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!  
Kontak [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir meer inligting of besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)